

Maandag 19 November

Skrifgedeelte: Sagaria 8:1-8

Fokusgedeelte: Sagaria 8:8

“Te wonderbaar” – dis *jóú* siening!

God wil jou deur sy Gees en Woord nuwe oë gee. Hy wil jou en my vandag heeltemal anders na “*onmoontlik*” leer kyk. In *mense-oë* was dit immers onmoontlik dat daar vir Sagaria se Jerusalem weer vrede en lewensvreugde sou wees.

Stel jou die beeld voor van stadspleine waarop oumense met kieres in hulle hande vreesloos en tevrede rondwaal en die kinders rondom hulle lewenslustig lag en baljaar! Wel, dis vir jou en my in vandag se Suid-Afrika en óns wêreld van 2018 “te wonderbaar” (1953-vertaling); dis buite al ons raamwerke. Elkeen van ons wat vandag so gewóónd ge-raak het aan misdaad, moord, onveiligheid, verkragting – selfs van bejaardes – wil soos destyds skepties uitroep: “Ag nee! Hou tog op met hierdie pypdrome van wat God kan doen! Dit klink soos al die *fopnuus* waarvan ons wêreld so vol is!”

Hoor ek jou rég ... in jou wanhoopsituasie? Bid dan dat God jou weer deurdrenk met die *Beste Nuus* wat daar is: “As iets vir *jóú* onmoontlik is, is dit dan óók vir MY onmoontlik?” In hierdie woord “wonderbaar” ruis talle Skrif-akkoorde mee, die duidelikste miskien uit Jesaja 9:5 – “Hy sal genoem word: *Wonderbaar* ...”

Die menslik-onmoontlike om uit die kloue van ons “laaste vyand”, die *doodsmag*, uit te kom, is deur Wonderbaar, Raadsman, Sterkte God ... *omgekeer*: “Dit was immers vir die dood ONMOONTLIK om Hóm gevange te hou” (Hand. 2:24).

Sing: Psalm 105-1:3

Dr. PP (Paul) Kruger (Emeritus)